# PASTORALE BRIEF

# JUNIE 2022

## SPREUKE (V): DIE GROOT GEBOD

"As iemand wat jou haat, honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink. Die Here sal jou daarvoor vergoed, en jy sal jou vyand vuurrooi van skaamte laat word." Spreuke 25:21-22

Mense gee jou partykeer die indruk dat daar 'n wye kloof tussen die Ou en Nuwe Testament is, maar as jy hier lees, kry jy woorde wat net sowel uit Jesus se eie mond kon gekom het! Dis geen wonder dat Paulus dit later in die Romeinebrief (12:20) aanhaal nie, dit praat een en dieselfde taal.

Dis vir ons net menslik om liggeraak te wees, en gou op jou perdjie as jy voel iemand kom jou te na. Maar wanneer het Jesus nou al ooit van sy dissipels gevra om "tipies menslik" op te tree? Nee, ons word mos geroep om *anders* te wees! Trouens, jy moet só anders wees dat jy daardie vyandige ou weer laat dink oor sy optrede en skaam kry.

Nou weet ek klaar wat jy volgende gaan sê: Sjoe maar dis darem baie gevra! Wie op aarde kan dit regkry om só te reageer? Wel, jy weet natuurlik dis presies wat Jesus gedoen het, en dis ook presies wat Hy deur jou wil doen as jy Hom net toelaat. Met ander woorde: Jy *kan* dit deur die genade van die Here doen, as jy net wil...

Maar daarvoor moet 'n mens al meer leer om jouself op die agtergrond te stoot. En wanneer jy nie meer die belangrikste persoon in jou eie lewe is nie, hoef jy mos nie oorboord te gaan die oomblik wat iemand jou skeef aankyk nie! Dan kan die Gees in jou lewe die vrug dra, waarvan geduld en selfbeheersing deel is – en dan gaan jy sowaar anders wees as almal rondom jou. Dan gaan jy werklik 'n getuienis hê...